# Hoofstuk van die dag: Ester 9 en 10

> *Hulle moes dit dae van feesviering en vreugde maak en aan mekaar eetgoed en aan die armes geskenke stuur. (Ester 9:22)*

Die Purimfees word tot vandag nog deur Jode gevier, en is die vrolikste en luidrugtigste van die Joodse feeste. Tradisioneel word die boek Ester tydens die fees hardop voorgelees, en telkens wanneer Mordegai se naam gelees word, juig die luisteraars, maar as Haman se naam gelees word, skree en jou almal. ’n Hoogtepunt word bereik wanneer die voorleser by die tien seuns van Haman (9:7-9) kom.
Die fees word nie in die Nuwe Testament genoem nie, hoewel party verklaarders meen die fees wat in Joh 5:1 genoem word, is die Purimfees. Die fees het gou sy godsdienstige konnotasies verloor en is vandag merendeels ’n kulturele fees.
Vir ons as gelowiges getuig die Purimfees van die feit dat God ’n skynbare doodse situasie kan omkeer en nuwe moontlikhede daaruit kan skep. Hoewel ons nie dié fees op ons kerklike kalender het nie, kan ons steeds die verhaal van Ester waardeer as ’n getuienis dat God in beheer is, selfs sonder dat Hy bonatuurlik ingryp. Daar is nie wonderwerke nodig om hopelose situasies om te keer nie; net gewillige gelowiges wat in biddende afhanklikheid hulle plig doen.

Naskrif: Môre begin ons met die boek 1 Tessalonisense.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026